Wes-Kaap Onderwysdepartement
Oscar Apollis
Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer
Oscar.Apollis@westerncape.gov.za | 021 467 2970

Lêerno.: 26/2/1/5/ESM SOP
Verwysing: 20220623-3472

Omsendbrief: 0023/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Distriksdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure, Veilige Skole-koördineerders van distrikte, Veilige Skole se veldwerkers, Prinsipale en Beheerliggame

Kort opsomming: *Herhaling van Onderwysveiligheidsbestuur se standaardbedryfsprosedures wat gevolg moet word rakende Veilige Skole.*

Onderwerp: Onderwysveiligheidsbestuur se standaardbedryfsprosedures wat gevolg moet word ter verkryging van noodveiligheid

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om te herhaal hoe belangrik die standaardbedryfsprosedures (SBP'e) van Onderwysveiligheidsbestuur (OVB) is wat gevolg moet word rakende die verkryging van dienste en goedere in Veilige Skole, as **Bylae A** ingesluit.

2. Die SBP'e van OVB rakende die verkryging van dienste en goedere in Veilige Skole moet in werking gestel word omdat dit met nasionale Tesourie-instruksie No. 2 van 2019/2020, as **Bylae B** ingesluit, verband hou.

3. Die inhoud van OVB se SBP'e moet met alle distriksamptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), ingeslote die beheerliggame, skoolveiligheidskomitees (SVK'e) en personeellede gedeel word voordat enige uitgawe in die 2022/2023-begroting van Veilige Skole aangegaan word.

4. Die Veilige Skole-koördineerder moet 'n rooster by die WKOD se Hoofkantoor indien met besonderhede van vergaderings wat gehou moet word deur (a) die Hoof van Bestuur en Beheer met die kringbestuurder van die bepaalde distrik, (b) die Adjunk-hoofonderwyskundige met die SVK'e en verteenwoordigers van beheerliggame van die skole onder beskeming van die bepaalde distrik, en (c) die kringbestuurder met prinsipale wat hy/sy bestuur.

5. Die volgende bewyse dat die handeling, soos in paragraaf 3 aangedui, voltooi is, moet ingedien word: (a) briewe wat hierdie vergaderings byeenroep, (b) agenda's vir hierdie vergaderings wat in die besonder aandui dat die SBP'e van OVB wat gevolg moet word rakende die verkryging van dienste en goedere in Veilige Skole bespreek/bemiddel sal word, (c) die aanbieding, en (d) bywoningregisters wat na behore geteken is. Die bewyse moet deur die toepaslike Hoof van Bestuur en Beheer afgeteken word.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke rolspelers.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-06-13